# 'N GEREFORMEERD-NARRATIEWE PASTORALE TERAPIE

J.P. Bezuidenhout[1] & J. Janse van Rensburg[2]

## ABSTRACT

Narrative therapy is usually connected with a post-modern paradigm like Social Constructionism. However, for some researchers and therapists post-modernity is not acceptable, since the use of such a narrative therapy could construe many contrasting points of departure in contrast to a biblical based pastoral therapy. Is it possible to deconstruct the basic elements of narrative therapy and reconstruct a pastoral narrative therapy that makes use of strategies of narrative therapy without accepting the paradigm that underlies it? This article proposes a new and exciting possibility for pastoral narrative therapy that could benefit from the many advantages of narrative therapy without being unfaithful to the unique nature of a pastoral and reformed approach.

## 1. PROBLEEMSTELLING

Is dit logies moontlik om in 'n gereformeerde diakoniologiese epistemologie 'n postmoderne narratiewe benadering te volg met behoud van 'n diakoniologiese epistemologie? Is dit nie 'n *contradictio in terminus* nie? Is dit nie waarop De Jager en Müller (2002:1231) se identifikasie met 'n "postmoderne Christelike teologie" neerkom nie? Descombes (1985:55) se verwerping van 'n positivistiese hermeneutiese benadering, as sou dit paradoksaal wees, is relevant.

Hoe beïnvloed die postmoderne benadering die pastor wat vanuit 'n diakoniologiese benadering werk? Is dit moontlik om 'n narratiewe terapie binne 'n Bybelgefundeerde diakoniologiese pastoraat toe te pas? Indien nie, is dit moontlik om 'n narratiewe pastoraat diakoniologies te laat funksioneer? (vgl. Janse van Rensburg 2000a:37; 1999:161; 1998:75).

1 Dr. J.P. Bezuidenhout, Doktorale student, Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein. Hierdie artikel dek die proefskrif getiteld "Volwassewording as problematiek in pastorale konteks" (2005) gedeeltelik (hfst. 1, 5).

2 Prof. J. Janse van Rensburg, Hoof: Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein 9300. E-pos: Jjvanr @yebo.co.za.

Hierdie navorsing beoog om 'n gereformeerd-narratiewe pastorale terapie vanuit 'n diakoniologiese epistemologie te postuleer deur middel van die de- en rekonstruksie van die postmoderne narratiewe pastorale terapie.

## 2. HIPOTESE

'n Narratiewe terapie binne 'n diakoniologiese epistemologie vra om herdefiniëring. Die aanwending van 'n postmoderne narratiewe pastorale terapie binne die konteks van gereformeerde pastoraat is paradoksaal en vra vir die ontwerp van 'n narratiewe pastorale terapie vanuit diakoniologiese epistemologie.

## 3. PARADIGMATIESE POSISIONERING

Vanuit die antropologiese perspektief op die mens van die 21ste eeu word die volgende onderskeidings gemaak ten opsigte van drie mensgestaltes, naamlik: die postmoderne mens, die mens wat bewustelik/onbewustelik deur die postmodernisme beïnvloed is, en die mens wat die postmodernisme verwerp (Janse van Rensburg 2002:43, 44). Hierdie uitgangspunt hang grootliks saam met die feit dat onderskeid gemaak word tussen 'n postmoderne era (tyd) waarin die mens van die 21ste eeu onvermydelik lewe en die postmoderne paradigma wat mense in hierdie tyd as paradigma aanneem.

## 4. NAVORSINGSMETODOLOGIE

Hierdie navorsingsontwerp handhaaf 'n diakoniologiese epistemonologie. Dit impliseer dat die Bybel as uitgangspunt van studie sal funksioneer, terwyl menswetenskaplike insette eweneens verreken word.

In aansluiting by die keuse vir 'n diakoniologiese epistemologie word die literatuurondersoek volgens die deduktiewe metode geëvalueer. Die fenomene hermeneutiek, narratief en dekonstruksie word omskryf. Daar word veral gelet op die basiese uitgangspunte van die narratiewe pastoraat as postmoderne praxis. Hierna volg die dekonstruksie van die postmoderne narratiewe pastorale terapie in al sy elemente. Besondere klem val op "dekonstruksie" as kern van die narratiewe praxis. Dit laat die weg oop vir die rekonstruksie van die postmoderne narratiewe pastorale benadering in al sy elemente. Aan die hand van hierdie elemente

en vanuit 'n diakoniologiese epistemologie word 'n gereformeerd-narratiewe pastorale terapie gerekonstrueer.

# 5. TERMINOLOGIESE OMSKRYWING

## 5.1 Hermeneutiek as fenomeen

Die woord "hermeneutiek" se betekenis lê in die Griekse gebruik van die woorde *hermeneuein/hermeneia* en verwys na drie verskillende sake, naamlik 'n mondelinge weergawe — om te sê; 'n verduideliking van 'n situasie; en die vertaling vanuit 'n vreemde taal (Palmer 1969:14). In al drie gevalle is daar volgens Palmer 'n aspek wat ooreenstem (vgl. Palmer 1969:14-32; Louw 1993a:80; Robinson 1964:1-7).

Vandenbulcke (1973:17) gebruik die term "interpretasieleer" as sinoniem vir "hermeneutiek". Vir hom verwys die term nie na die metodologie van interpretasie nie, maar wel na die teoretiese verheldering van die korrekte praktiese interpretasie. Volgens Gadamer (1976:xii) word hermeneutiek aangewend in omstandighede waar daar deur middel van interpretasie na betekenis gesoek word, maar wat nie direk afgelees kan word nie. Louw (2003: 42) stel dit as volg:

> [U]nderstanding is the attempt to penetrate, through the words of a text, into the initial hidden meaning or intention of a text. (Vgl. Janse van Rensburg 2000a:12; Palmer 1969:7, 8; Gerkin 1984:19, 20.)

Dit gaan dus om verstaan, begrip, betekenis, vertolking en interpretasie. In hierdie proses het narratief, taal, vooraf-ingesteldhede, konteks en epistemologiese benadering 'n sterk invloed op die verstaansproses (vgl. Kloppers 2001:458).

"Hermeneutiek" word ook in 'n aanverwante en genuanseerde vorm gebruik. Dit kom voor wanneer, byvoorbeeld, epistemologiese keuses gekonstateer word, naamlik dat die hermeneutiese model vanuit 'n postmoderne epistemologie 'n non-direktiewe moraliteit postuleer (Janse van Rensburg 1999:161). Daarmee word die induktiewe benadering *per se* as 'n hermeneutiese benadering getipeer (vgl. Louw 1997:117-131).

Daar is ook sprake van 'n hermeneutiese benadering wanneer dit teenoor die kerugmatiese benadering gestel word. Dit kom neer op 'n subjek-gesentreerde of intersubjektiewe benadering. Dit is meer 'n

verstaan van menslike probleme as die verklaring van die betrokke probleme (Louw 1997:22).

Die postmoderne aanwending van hermeneutiek sluit by Nietzsche aan: daar bestaan geen objektiewe feite nie en daarom is daar geen feite nie, maar net interpretasies (Janse van Rensburg 2000a:11, 12).

## 5.2 Narratief as fenomeen

"Narratief" is die letterlike vertaling uit die Engels van "narrative" en beteken verhaal, vertelling, relaas (Pharos 2005:1178). 'n Verhaal is dus enige vertelling of relaas van 'n gebeurtenis of geskiedenis wat beleef is of waarvan gehoor is en oorvertel word, byvoorbeeld 'n lewensverhaal in 'n biografie of die Bybel se verhaal van God se bemoeienis met die mens (Veltkamp 1988:140).

Binne die pastoraat word die verhaal as fenomeen aangewend met 'n eie terminologiese omskrywing as deel van 'n postmoderne metodiek om tot betekenis te kom. Epston, White en Murray (1995:97) wys daarop dat sosiale wetenskaplikes die verhaalvorm as "die dominante interpretasieraamwerk vir die organisering en uitbeelding van beleefde ervaring" beskou (De Jager & Müller 2002:1225).

## 5.3 Dekonstruksie as fenomeen

"Dekonstruksie" as fenomeen is 'n algemene verskynsel. Dit word in verskeie dissiplines gebruik: juridies, ekologies-maatskaplik en religieus (vgl. Janse van Rensburg 2000a:37; 1999:161). Dekonstruksie is daardie strategie waardeur bestaande ingesteldhede of persepsies uitmekaar gehaal word om rekenskap te gee van die gronde waarop die ingesteldhede/persepsies gegrond is. Die algemene manier waarop dit plaasvind is deur middel van strategiese vrae.

# 6. REKONSTRUKSIE VAN DIE POSTMODERNE NARRATIEWE EPISTEMOLOGIE IN TERME VAN 'N GEREFORMEERD-NARRATIEWE PASTORALE TERAPIE

Die narratiewe pastoraat, vanuit die postmodernisme, het in die algemene pastoraat 'n groot omwenteling teweeg gebring (O'Hanlon 1994: 22). O'Hanlon noem dit die "Third Wave" in psigoterapie.

In die literatuur kan 'n narratiewe gespreksmodel nie opgespoor word wat uitsluitlik vanuit 'n diakoniologiese epistemologie beoefen word nie. In Suid-Afrika is daar baie aansprake oor die beoefening van 'n narratiewe benadering vanuit 'n Christelike hoek. In die praktyk kom dit daarop neer dat die narratiewe benadering slegs 'n "Christelike baadjie" aangetrek word sonder om die postmoderne beginsels daarvan af te sweer (vgl. bv. Van Heerden & Kotzé 1997; De Jager & Müller 2002; Redelinghuys 2001).

In die daarstelling van 'n suiwer diakoniologiese narratiewe benadering is dit daarom nodig om die postmoderne narratiewe epistemologie te dekonstrueer voordat dit weer gerekonstrueer kan word. Hierdie dekonstruksie word gerugsteun deur 'n gereformeerde benadering vanuit 'n diakoniologiese epistemologie.

Beginsels wat eie is aan 'n hermeneutiese model is lank reeds as deel van die deduktiewe benadering gebruik (vgl. Wurth 1955, Firet 1977 en De Klerk 1978). Boonop maak groot dele in die Ou en Nuwe Testament gebruik van die verhaal in die oordra van God se handelinge met die volk Israel en sy kerk (vgl. Veltkamp 1988; Janse van Rensburg 2000a:37).

Besondere klem word allereers op "dekonstruksie" gelê in die dekonstruksie en rekonstruksieproses aangesien "dekonstruksie" as strategie 'n besonder sentrale rol in die narratiewe benadering speel.

## 6.1 Dekonstruksie

### 6.1.1 Omskrywing van "dekonstruksie"

"Dekonstruksie" is een van die sentrale komponente van die narratiewe terapie. Morgan (2000:46) omskryf "dekonstruksie" kortliks as: "The pulling apart and examining of 'taken-for-granted' truths" (vgl. White 1993:34). Degenaar (1996:13, 14) is van mening dat "dekonstruksie" bygedra het tot die ineenstorting van eenheid "by challenging the logo-centric tradition of Western thinking" (d.m.v. die interpretasie van taal en teks in plaas van "reason and concept"). Kotze & Kotze (1997:36) praat van "to undo". Margolis (1985:140) se omskrywing is meer omvattend:

> Deconstruction is the general strategy that exposes, by a thousand tactics, the truth of the fixed, essential, and naturally accessible structure of an independent reality that (our) would-be total networks of intelligibility have "found out".

Derrida sien die doel van "dekonstruksie" as die gedurige vra van vrae oor sy eie en ander se tekste om daardeur te ontken dat enige teks vas en seker is (Janse van Rensburg 2000a:10, vgl. ook Lyon 1994:13). Volgens Derrida onderstreep 'n taalkundige benadering *differánce* (ewigdurende verandering) en ondermyn dit 'n statiese (positiewe) interpretasie van woorde (= betekenis). Elke woord verwys na die volgende woord en word gedefinieer deur dit wat volg. Derrida (1981:26) maak gebruik van die beeld van die weef van tekstiel waarin daar 'n gedurige verandering plaasvind.

> The activity or productivity connected by the a of *différance* refers to the generative movement in the play of differences (Derrida 1981:27).

Hierdie gedurige verandering noodsaak dan "dekonstruksie". Die betekenis van die teks moet gedekonstrueer word om die metafisiese betekenis in 'n spesifieke konteks te vind (vgl. Degenaar 1996:17; De Jager & Müller 2002:1225; White & Epston 1990:80-83)

Derrida beskou "dekonstruksie" as 'n strategie en nie as 'n "sleutel" nie (De Jager & Müller 2002:1226; Janse van Rensburg 2000a:62; Lather 1991:13). "Dekonstruksie" impliseer eerder 'n houding waarin die self in oënskou geneem word, asook 'n selfondersoekende modus van openheid.

"Dekonstruksie" se uitgangspunt setel in die postmoderne epistemologie. Die postmodernisme het die alleenstaande fenomeen dekonstruksie geïnkorporeer en binne-in 'n bepaalde epistemologiese konteks geplaas, byvoorbeeld in die Sosiale Konstruksionisme. Tereg wys Janse van Rensburg (2000a:38) daarop dat dekonstruksie as strategie nie noodwendig binne 'n postmoderne paradigma hoef gebruik te word nie, aangesien die fenomeen dekonstruksie nie eksklusief aan die postmodernisme behoort nie.

### 6.1.2 Dekonstruksie van "dekonstruksie" as postmoderne strategie

Vir die dekonstruksie van "dekonstruksie" word dieselfde strategie aangewend as in die narratiewe benadering. Die volgende twee aspekte staan uit as die kern van "dekonstruksie" in postmoderne narratiewe terapie, naamlik: "die dood van die outeur/subjek" en "die dood van God as subjek" (Madison 1988:x noem laasgenoemde die kern van postmodernisme.)

#### 6.1.2.1 *Die "dood" van die outeur/subjek*

Daar word beweer dat die outeur/subjek van die teks dood is (Janse van Rensburg 2000b:8). Is dit werklik so? Tydens die "moderne" era is enige teks gelees met die oog daarop om agter te kom wat die outeur se bedoeling is, maar nou word beweer dat daar niks buite-om die teks is nie — ook nie die outeur/subjek nie (Janse van Rensburg 2000b:8). Die betekenis lê in die teks self en kan verander word deur middel van die proses van intersubjektiewe kommunikasie (Janse van Rensburg 2000a:6, 7). Kommunikasie met ander word by implikasie omgeskakel in die kommunikasie van die leser met homself/haarself en sy/haar eie gedagtes. Die leser se eie interpretasie (perspektief) is al wat oorbly en daarom bly alles relatief (Janse van Rensburg 2000b:13). Daar is geen ware interpretasie van die teks soos die outeur dit bedoel het nie. Daarom is daar geen absolute waarheid nie en dit bring mee dat die teks "open-ended" is — oop vir enige interpretasie met geen vaste uitkomste nie. Die subjek/objek perspektief word verruil vir 'n dinamiese intersubjektiwisme.

De Jager (De Jager & Müller 2002:1234) se strewe is "om as postmoderne, Christelik-pastorale, narratiewe terapeut" by mense se lewens

betrokke te wees. In die lig van hierdie posisionering maak hy onder meer die volgende stellings:

> Bybelse taal is nie ’n weerspieëling van die goddelike of die geskape werklikheid nie (De Jager & Müller 2002:1231);
>
> Teologie, soos ook die Bybel self, is menslike spreke oor God, deel van die immanent-verwysende taalspel van betekening, *play of difference, différance*, te midde van nimmereindigende konteksverruimings en konteksverskuiwings (De Jager & Müller 2002:1232).

De Jager & Müller distansieer hulself in geen opsig van die postmoderne epistemologie wat ten grondslag van hierdie element lê nie. Is die dood van die outeur/subjek van die Bybel die motivering vir hierdie stellings? Lê in die eie interpretasie van die teks nie ook die grond vir die uitspraak dat die Bybel slegs “menslike spreke oor God” is nie?

Kan daar dan aanspraak gemaak word op ’n “postmoderne *Christelike* teologie” en “die heilsbetrokkenheid van *God* by die mense”? (my kursivering) (De Jager & Muller 2002:1233). Is die outeur/subjek dan nie dood nie en die Bybel slegs menslike denke oor God nie? Klink dit nie teenstrydig nie?

Tog kan die outeur/subjek nie geïgnoreer word nie — soos Foucault uitvind wanneer hy eers die subjek/objek-skema verwerp (Poster 1990: 134), maar later weer die noodsaaklikheid daarvan moet aanvaar (Janse van Rensburg 2000b:12, 13).

Die volgende aspekte bring hierdie benadering in ’n doodloopstraat:

- Wie het die outeur “vermoor”? Lê hierdie daad nie opgesluit in die filosofieë en idees van vervloë humanistiese filosowe nie? (Nietzsche?) Filosowe wat hul idees opgeteken het en verwag dat lesers nie “hul eie persepsies” moet vorm nie, maar die outeurs/subjekte moet navolg?
- Volgens watter verhaal gaan die lidmaat sy/haar verhaal rekonstrueer in die “narratiewe” pastoraat wanneer die outeur/subjek van die Bybel dood is? Sy/haar eie interpretasie van die Bybel? (vgl. Louw 1997:23).
- Hoe kan die lidmaat op pad na volwassenheid “die beeld van God” in Jesus Christus nastreef indien niks buite-om die teks bestaan nie? As die Woord waaruit God se wil nagestreef moet word, net “menslike spreke” is en onderhewig is aan die lidmaat se eie inter-

pretasie en perspektiewe, dan is dit nie meer die Woord van God nie, maar die lidmaat se eie persepsie van die "beeld van God". Hoekom dan die "beeld van God" ernstig opneem? (Vgl. verder Janse van Rensburg 2000b:13-21; 1999:161-163; Louw 1993:206-209.) Hierdie teenstrydighede bring mee dat die postmoderne teorie platval en nie steek hou nie.

6.1.2.2 *Die dood van God as subjek*

Hierdie aspek sluit nou aan by die vorige punt. Die "dood van die outeur/subjek" beteken ook die "dood van God" as uiteindelike skrywer (die Heilige Gees) van die Bybel (2 Tim. 3:16). Hierdeur word God as objektiewe realiteit misken (Janse van Rensburg 2000b:16).

Nietzsche se nihilistiese filosofie kom duidelik in hierdie stelling na vore (Janse van Rensburg 2000b:8, 9; vgl. 2000a:13-15; Lyon 1994:8; Olivier 1994:56). Die verwerping van waarde, betekenis en wenslikheid het die viering van "die dood van God" tot gevolg om daarmee die dood as die finale realiteit te stel. God is dood, so word beweer, weens sy sogenaamde gebrek aan medelye vir die nood van mense wat spruit uit die mislukking van die moderne wetenskap en tegnologie.

Hierdie basiese stelling het die volgende implikasies: daar is nie meer absolutes nie, daar is geen waarheid nie (Du Toit 1996a:31, 32), daar is geen waardes en etiese norme nie (Matzken 2000:3), wetenskaplike standaarde word afgebreek, godsdiens word bevraagteken, en daar is nie meer vastigheid nie, want alles het relatief geword. Daar is net een reël, naamlik dat daar geen reël is nie. Hierdie toestand word aangehelp deur 'n dekonstruktiewe strategie.

Hierdie stellings het ingrypende gevolge vir die pastoraat. Word hier nie 'n innerlike teenstrydigheid geopenbaar nie wanneer die pastor vanuit 'n postmoderne paradigma werk (wat nie die realiteit van God erken nie) terwyl God in sy eie denkskema verreken word? Hierdie miskenning in die pastorale benadering maak die pastorale ontmoetingsgebeure tussen God en mens (Louw 1997:1) irrelevant. Vervlak dit nie die pastorale sorg tot 'n terapeutiese proses binne die samelewing nie — soos Roux en Kotzé (1997) se navorsing aandui?

Dit is duidelik dat die objektiewe waarheid aangaande God se bestaan en wese nie die vertrekpunt van die postmoderne teologie is nie. Daarom konkludeer Janse van Rensburg (2000b:16) ook:

> People's experience of God, the initiatives of God, the subject and community (culture) constitute the post-modern theology. Static systematic concepts of God have been traded for dynamic concepts creating a hermeneutic and communicative crisis.

Dit is reeds genoem dat die Bybel voorbeelde bevat waar die fenomeen dekonstruksie as gesprekstrategie gebruik is. Om die rekonstruksie te voltrek, word aan die hand van twee voorbeelde, een uit die Ou en een uit die Nuwe Testament, 'n gesuiwerde "dekonstruksie" geïllustreer en saamgevat. Weens beperkte ruimte, word daar slegs na hierdie voorbeelde in Miga 6:1-16 en Johannes 4:1-30, 39-42. verwys. (Vgl. Bezuidenhout 2005, hfst. 5:3.1.3 vir volledige uiteensetting.)

### 6.1.3 Diakoniologiese rekonstruksie van "dekonstrusie"

Die diakoniologies-epistemonologiese inkleding van dekonstruksie as strategie omvat onder meer die volgende:

#### 6.1.3.1 *Die Bybel is die Woord van God soos deur die Primus Auctor, die Heilige Gees, in menslike skrywers (2 Pet.1:20, 21) geïnspireer is*

Omdat God leef, leef die derde Persoon in die Drie-eenheid, die Heilige Gees, ook. God spreek die mens as lewende lidmaat aan deur sy Woord in sy/haar groei na geloofsvolwassenheid. Nie alleen is die Heilige Gees die *Primus Auctor* nie, maar is Hy ook die Hermeneut van die Woord wat as waarheid vasstaan.

#### 6.1.3.2 *Daar word vanuit 'n diakoniologiese epistemologie uitgegaan van die belydenis dat God Drie-enig lewend, ewig, almagtig, alomteenwoordig en die Skepper van hemel en aarde is*

Die mens is die kroon van die skepping en die objek van sy beeldherstellingsprogram vir die mens. Die mens staan *coram Deo*. Hierdie belydenis bied vastigheid en sekerheid in die wete dat sy/haar lewe "verborge in God" is (Kol. 3:3). (Vgl. verder Matt. 10:29-31.) Die pastoraat word ook in sy Naam uitgevoer in ooreenstemming met sy openbaring in Jesus Christus en die Woord.

#### 6.1.3.3 *Die unieke uitkomste is vas en seker omdat God vas en seker is*

Daar is geen onsekerheid in God se verbondsbeloftes, sy voorsienende hand, sy alomteenwoordigheid en die wete van die gelowige dat sy ewige raadsbesluite onfeilbaar is nie. Daar is 'n gekwalifiseerde "open-ended"-aspek as deel van die diakoniologiese epistemologie. Intersubjektief en vanuit die onfeilbare leiding van die Skrif, neem die lidmaat sy/haar lewe in oënskou om daarna dit in 'n nuwe uitkoms in die lig van God se verhaal te rekonstrueer.

#### 6.1.3.4 *Die pastor is VDM in die pastorale terapie*

Die pastor is nie die "ekspert" in kerugmatiese sin nie (Janse van Rensburg 1999:160), maar die pastor fasiliteer die lidmaat om saam sy/haar verhaal te ko-konstrueer in ooreenstemming met God se verhaal (Louw 1997:133). As geroepene van God kom daar 'n stadium in die terapie waarin God se Woord deur die pastor spreek (intermediêr — Firet 1977:25), naamlik vermanend, vertroostend en rigtinggewend. Die pastor mag nie daarvan weerhou word om sy roeping na te kom om VDM te wees nie (Janse van Rensburg 1999:163).

#### 6.1.3.5 *Die gebruik van die fenomeen dekonstruksie vanuit 'n diakoniologiese epistemologie geskied met die doel om die lidmaat in ooreenstemming te bring met God se verhaal (sy wil) aangaande die mens*

Wanneer wanverhoudings met God voorkom, word dit gedekonstrueer sodat die lidmaat herstel kan word tot die Godbedoelde inhoud van sy/haar lewensverhaal. God en sy Woord staan sentraal in hierdie dekonstruktiewe proses.

#### 6.1.3.6 *Die waarheid is allereers gesetel in die Here Jesus Christus, die tweede Persoon in die Drie-eenheid (Joh. 14:6) en nie in die objektiewe feite van reg en egtheid nie*

Jesus Christus is die absolute Waarheid soos God Homself aan die mens geopenbaar het. Die lidmaat se persoonlike verhouding met Christus en die heiligmakende werk van die Heilige Gees (as Gees van die Waarheid — Joh. 16:13 — wat Christus in die lidmaat se lewe rekonstrueer) bly die essensie van God se beeldherstellingsprogram in die lidmaat.

Bogenoemde riglyne gee breë leiding in die rigting van 'n Bybelgefundeerde en Gees-geïnspireerde pastorale terapie waarin ook van die fenomeen dekonstruksie as strategie gebruik gemaak kan word.

## 6.2 Narratief as metodiek van die hermeneutiese benadering

Die verhouding waarin narratief tot die hermeneutiese benadering in die pastorale gesprek staan, is dié van die soeke na betekenis deur middel van die narratiewe metode. Om uiteindelik sin en betekenis in die lidmaat se verhaal te bereik, word die verhaal vertel, gedekonstrueer, die probleem geëksternaliseer, en dan gerekonstrueer in 'n unieke uitkoms (Morgan 2000:1-72).

Verskeie aspekte van die hermeneuties-narratiewe benadering word krities rekonstruktief bespreek. Hoewel van Heerden en Kotzé (1997:92) vanuit 'n postmoderne epistemologie werk, voel hulle die nodigheid aan dat die narratiewe benadering (White se werk) gerekonstrueer moet word om die evangelie te dien.

### 6.2.1 Rol van die pastor in die narratiewe benadering

In die postmoderne narratiewe benadering het daar 'n groot omwenteling in die rol van die pastor gekom. Die wederkerige karakter in die pastorale benadering is groot skade berokken (Janse van Rensburg 1999:160). Teen hierdie agtergrond het die konstruktivisme aangetoon dat daar nie "voorafvervaardigde kitsoplossings" is nie. (Kyk Müller [2004:79] se tekening van die pastor as "expert".)

Die rol van die pastor word as volg vanuit die postmoderne narratiewe benadering getipeer:

6.2.1.1 In teenstelling met die sogenaamde "moderne expertposisie" van die pastor, *tree die pastor nou vanuit konstruktivistiese hoek op as "not-knowing"* (Hoffman 1995:18; Anderson & Goolishian 1995:25). Hiervolgens word die lidmaat met die probleem nie bygestaan deur middel van 'n diagnostiese en voorgeskrewe sisteem van "debriefing" nie, maar word hy/sy ondersteun "to assign a different meaning to his/her role in a critical event" (Müller 2004:81). In die lig van die magsbasis wat in 'n pastor/lidmaatverhouding geskep word, moet die posisie van die pastor ook gedekonstrueer word sodat die speelveld

gelyk gemaak kan word; die lidmaat word die konstituerende persoon in die probleemhantering (Vgl. Janse van Rensburg 1999:160).

Die pastor word 'n ko-konstrukteur met die lidmaat in 'n gedeelde realiteit (Du Plooy 1995:37). Daarom het die pastor nie nodig om "in beheer" van die "waarheid" te wees nie. Hoewel dit waar is dat die pastor nie alle antwoorde het nie, wil die Sosiaal Konstruktivisme dat die pastor onder geen omstandighede 'n antwoord of oplossing gee nie (Janse van Rensburg 1999:160). In 'n terapeutiese gesprek ontwikkel die lidmaat deur die stimulering van die pastor se posisie van "not-knowing", asook die pastor se nuuskierigheid om van die lidmaat te leer (Anderson & Goolishian 1995:38).

6.2.1.2 Hierdie tipering van die pastor bring mee dat die *lidmaat die "expert" is* (Anderson & Goolishian 1995:25). Dit beteken dat die lidmaat 'n eie konstruksie van die werklikheid opbou en daarom self 'n oplossing vir die probleme moet en kan vind (Janse van Rensburg 1999:160). Daarmee handhaaf hy/sy hul eie waarheid (Anderson & Goolishian 1995:28, 38) terwyl die pastor moet berus in die gekose uitkoms.

Weens die vloeibaarheid in die dialoog en gesprek is die betekenisgewing en interpretatiewe aktiwiteit altyd vloeibaar en veranderend (Anderson & Goolishian 1988:381). Daarom is alle betekenis en interpretasie inherent onderhandelbaar en tentatief. "[T]there are no fixed meanings transferred in conversation."

6.2.1.3 Die pastor is gesprekskunstenaar (conversational artist) — 'n argitek van die dialogiese proses

> whose expertise is in the arena of creating a space for the facilitating of a dialogical conversation. The therapist is a participant-observer and a participant-facilitator of the therapeutic conversation (Anderson & Goolishian 1995:27; 1988:372; vgl. Greyling en Müller 2002:38, 39).

Daarby word die pastor ook beskryf as 'n "participant manager of conversation" (Anderson & Goolishian 1988:384).

6.2.1.4 Anderson en Goolishian sien die rol van die pastor (terapeut) as *uitvoerder van sy terapeutiese kuns (art) deur middel van die gebruik van gespreks- of terapeutiese vrae*. Hierdie is die primêre instrument in die ontwikkeling van die gespreksruimte en om die dialogiese proses te fasiliteer. "[T]the therapist excercises an expertise in asking questions

that are informed by method and that demand specific answers" (Anderson & Goolishian 1995:28).

6.2.1.5 *Die postmoderne terapeut (pastor) glo nie aan "essences" nie* (Hoffman 1995:18). Kennis wat sosiaal verwerf word, verander en vernuwe sigself deurlopend in interaksie. Daarom verberg verhale en/of tekste geen vooraf ingenome opinies ("meanings") nie. Hieruit kan afgelei word dat die gesprek die eintlike outeur van die verhaal is.

6.2.1.6 De Jager en Müller (2002:1224) lê *groot nadruk op die verantwoordelikheid* dat "'n narratiewe navorser ... eties verantwoord, sowel as wetenskaplik relevant" moet wees. Die etiese verantwoordelikheid eindig sekerlik nie by die "navorser" nie, aangesien De Jager ook na sy studeerkamer verwys vanwaar hy sy gemeentebediening as pastor doen. Met hierdie beginsel is daar geen fout mee te vinde nie en dit kan heelhartig onderskryf word.

### 6.2.2 Dekonstruksie van die pastor se rol, soos beskryf in 'n postmoderne epistemologie

Bring die "not knowing"-posisie van die pastor hom/haar nie in 'n *eties-religieuse konflik* nie? Bring dit die pastor nie in konflik met sy/haar roeping as VDM nie — terwyl die rigtinggewing in die gesprek van die lidmaat, die "expert", uitgaan? Bring die verabsolutering van die pastor se "not-knowing"-posisie nie mee dat die pastor self nie meer weet of leiding ten opsigte van die beste uitkoms vir die probleem toelaatbaar is of nie? Kan die pastor die lidmaat in 'n Bybels-georiënteerde rigting lei? Watter verskil is daar tussen die pastor (VDM) en die terapeut wanneer die pastor, soos die Sosiale Konstruktivisme dit wil, geen leiding mag gee of suggesties mag maak in die rigting van God se uitkomste vir die lidmaat se probleem nie? Spruit die hele klem op die "not-knowing" van die pastor nie basies uit die negering deur die pastor van sy/haar aangewese grondhouding (Bezuidenhout 2005:169, 170) in die pastorale terapie nie? Sal die herstel van die implementering van die grondhouding nie weer die balans tussen pastor en lidmaat heel nie?

6.2.2.1 Vanuit postmoderne hoek word daar afkeurend verwys na die manier waarop die modernistiese pastor die lidmaat bystaan, naamlik met 'n diagnostiese en voorgeskrewe sisteem (Müller 2004:81). Hierin

word verwys na elemente van 'n empiriese metodiek van 'n "moderne" benadering. In die postmoderne benadering (onder meer Praktiese Teologie) word daar juis klem gelê op die empirie — selfs ten koste van die Woord van God. Aan die een kant dien die empiriese benadering as diskwalifikasie van die modernisme, maar aan die ander kant word swaar daarop geleun. Is dit nie teenstrydig nie?

In De Jager se beklemtoning dat navorsing "wetenskaplik relevant" moet wees (De Jager & Müller 2002:1224), maak hy gebruik van "moderne" gegewenhede wat juis deur die postmodernisme sterk afgewys word. Hoe rym dit? Is dit in lyn met die postmoderne epistemologie om modernisties te werk te gaan terwyl 'n hoë prys op die postmoderne a-wetenskaplike uitgangspunt geplaas word?

6.2.2.2 Watter etiese norme en waardes geld vir die pastor in die omgang met gemeentelede en navorsing? (vgl. De Jager en Müller 2002:1224, 1232). Dit is vanselfsprekend dat dit die norme en waardes van die Skrif sal wees, maar die postmodernisme aanvaar nie die Skrif as Woord van God nie omdat die Outeur van die Woord asook God dood is. Waarom word daar teruggeval op "modernistiese" etiese waardes, beginsels en vastighede terwyl dit deur die postmodernisme verwerp word? Dui dit nie op 'n implisiete verwerping van die postmoderne epistemologie nie? (Vgl. Janse van Rensburg 2002:41, 42).

6.2.2.3 Anderson en Goolishian (1995:28; 1988:384) bou in die rol van die pastor 'n gespreksplan en 'n bestuursrol in. Terwyl die lidmaat die "expert" is en die pastor die "not-knowing", hoe bestuur die "not-knowing" dan die gesprek op 'n planmatige manier? Is dit nie paradoksaal nie?

Terwyl daar geen voorafopgesette opinies ("meaning") mag wees nie (Anderson en Goolishian 1988:378), wat motiveer die opstel van 'n gespreksplan dan? O'Hanlon (1994:28) bevind uit sy waarnemings:

> I'm sceptical of the claims of narrative therapists of being non-directive ... it is a clear and consistent therapist agenda ... this is clearly not a non-directive approach.

Ook hierin ontkom die postmoderne-narratiewe benadering nie 'n "modernistiese" metodiek nie.

### 6.2.3 Rekonstruksie van die pastor se rol met die oog op 'n gereformeerd-narratiewe pastorale terapie

6.2.3.1 In punt 6.1.3.4 is reeds daarop gewys dat, vanuit 'n gereformeerd-narratiewe epistemologie, die pastor VDM is. Daarom kan hy die gesprek nie passief (afgesien van die vrae) sonder enige inspraak hanteer nie. Vanuit 'n hermeneutiese ingesteldheid begin die pastor by die fasilitering van die lidmaat en sy/haar verhaal (probleem). Die grondhouding van die pastor (vgl. Bezuidenhout 2005:169, 170) vereis dat die pastor "langs" die lidmaat sal staan en nie " teenoor" (veroordelend) hom/haar nie. In die soeke na 'n unieke uitkoms word die lidmaat en pastor nie slegs deur die mens se ervaringe of eie insigte gerig nie. Die pastor, as hermeneut van die Woord, fasiliteer die lidmaat om sy/haar lewe in lyn te bring met God se verhaal, soos in die Bybel uiteengesit.

6.2.3.2 Pastoraat is uiteindelik 'n ontmoeting tussen God en die mens en die bediening van sy heil aan die lidmaat (Louw 1997:1, 298). Hierin tree die pastor dus nie as "expert" op nie, maar as gesant van God in diensknegsgestalte (Luk. 22:27) (vgl. Louw 1999:346).

6.2.3.3 Soos reeds vermeld, kan saamgestem word met die oproep tot etiese verantwoordelikheid, mits dit basies die Skrifinhoude behels. So ook die wetenskaplike verantwoordelikheid. Vanuit 'n gereformeerd-narratiewe epistemologie is dit nodig dat die Skrifbeginsels ten opsigte van die pastor se handelinge konsekwent en sonder dubbelpratery nagekom sal word. Vir die lidmaat op pad na geloofsvolwassenheid sal dit as aansporing en voorbeeld dien.

6.2.3.4 In die gereformeerd-narratiewe benadering, waarin daar nie sprake is van "expert" en "not-knowing" nie, maak die pastor gebruik van die vraagmetode met die oog op die begeleiding in die rigting van die verstaan van die verhale van die lidmaat en van God. Hierdie vrae word nie deur nuuskierigheid aangevuur nie en dien ook nie om die lidmaat weg te lei van God en sy Woord nie.

### 6.2.4 Eksternalisering in 'n postmoderne narratiewe benadering

Eksternalisering is die fondament waarop menige (indien nie alle) narratiewe gesprekke gebou is (Morgan 2000:17). In hierdie strategie gaan dit om die onderskeiding tussen die vraag "Is die persoon die probleem of het die persoon 'n probleem?". Anders gestel: Deur die

proses van eksternalisering kom daar in taal 'n skeiding tussen die probleem en die identiteit van die persoon waardeur die probleem 'n aparte identiteit verkry (Van Heerden en Kotzé 1997:83; vgl. Morgan 2000:17; White en Epston 1990:38). Dit kom neer op die objektivering en verpersoonliking van die probleem. Deur internalisering van 'n probleem gebeur dit soms dat die persoon deur die probleem "oorheers" word sodat net vanuit die probleem gedink word en die lewe so benader word (Morgan 2000:18).

Die eksternalisering van die probleem skep die moontlikhede van die beskrywing van die persoon self, van mekaar en verhoudinge vanuit 'n nuwe perspektief, vry van 'n probleemdeurdrenkte benadering; dit skep die moontlikheid van die ontwikkeling van 'n alternatiewe verhaal; dit stel die persoon in staat om "feite" ("facts") in verband met sy/haar lewe en verhoudinge te identifiseer wat nie moontlik was vanuit 'n probleemdeurdrenkte perspektief nie (White & Epston 1990:39; vgl. Morgan 2000:24).

In die proses van eksternalisering word uitgegaan van die volgende vertrekpunt: die probleem en die persoon se verhouding tot die probleem word as probleem beklemtoon. Die objektivering van die probleem sluit in dat 'n "naam" daaraan toegeken word sodat die persoon die "naam" kan aanspreek en die persoon sodoende van die probleem losgemaak word (Morgan 2000:20, 23; Crafford en Kotzé 1997:108; O'Hanlon 1994:25).

Spesifieke vrae deur die terapeut (pastor) bepaal watter invloed die probleem op die persoon het, asook wat die invloed van die persoon op die probleem is, en wat die houding teenoor die probleem is. Dit stel die persoon in staat om te bepaal wat die probleem se invloed op gedrag, emosies, psige, wederkerige gedrag en houding is (White en Epston 1990:42, 45). Hierdeur word die veld vir die soeke na nuwe uitkomstes geopen. Nuwe uitkomstes en nuwe betekenisse help persone om hul weerstand teen die uitwerking van die probleem te bepaal. Dit help ook om hul houding teenoor die probleem te hersien (White & Epston 1990:63). White & Epston (1990:65) is van oordeel dat eksternalisering nie net objektivering van die probleem meebring nie, maar verantwoordelikheid ten opsigte van die persoon se aandeel in die voortbestaan van die probleem word ook aangedui. Daarmee word die aanvaarding van die verantwoordelikheid vir die probleem ook herwin.

Vergelyk O'Hanlon (1994:25-26) se samevatting van eksternalisering in verskeie stappe.

### 6.2.5 Dekonstruksie van eksternalisering, soos beskryf in 'n postmoderne epistemologie

Die hantering van 'n probleem op emosionele vlak skep probleme. Is dit moontlik om jou van jou eie emosies te distansieer terwyl die psigologie bevind het dat die mens se belewenisprosesse as 'n eenheid funksioneer? (Jordaan & Jordaan 1998:291, 560). Daarom kan emosies nie losstaan van die persoon self nie.

Bestaan die gevaar nie dat die persoon in distansiëring van sy/haar emosionele probleem, daardie probleem kan ontken as eie probleem nie? Bring die objektivering van die probleem nie moontlik mee dat die persoon hom/haar ook kan distansieer van die verantwoordelikheid ten opsigte van die probleem nie, ten spyte van aanspreeklikheid? (White & Epston 1990:65). Word die onverantwoordelikheid nie versterk deur die verpersoonlikte aanspreekvorm van die probleem as aparte objektiewe "persoons-entiteit" wat niks met die persoon te doen het nie?

### 6.2.6 Rekonstruksie met die oog op 'n gerefomeerd-narratiewe pastorale terapie

6.2.6.1 Eksternalisering het ook 'n plek in 'n gereformeerd-narratiewe benadering, hoewel dit 'n ander inhoud aanneem. Die *doel van eksternalisering* binne gereformeerd-narratiewe pastorale terapie is:

- Om 'n lidmaat in staat te stel om objektief na sy/haar probleem te kyk, terwyl hy/slegs deel is van die eksternaliseringsmodus;
- Om die implikasies daarvan te ondersoek;
- Om die implikasies in terme van God se verhaal te evalueer;
- Om verantwoordelikheid vir die probleem en God se oplossing daarvoor, te aanvaar;
- Om 'n nuwe lewensverhaal in die lig van God se verhaal te rekonstrueer.

6.2.6.2 In plaas van om objektief op die eie probleem te konsentreer, word gebruik gemaak van een (of meer) van die *eksternaliseringsmodi* wat op die probleem gefokus is. Die modi kan die volgende insluit:

gelykenisse, metafore, lewensverhale van Skriffigure, begrippe uit die Skrif wat betrekking het op die probleem, volksverhale of sprokies (Estés 1998).

Dit is belangrik dat die persoon hierdie modus só sal beleef:

> … as though we are inside them, rather than as though they are outside of us. We enter into a story through the door of inner hearing (Estés 1998:20).

Hierdeur beleef die persoon sy/haar eie probleemdeurdrenkte verhaal in een van die modi sonder om die gevaar te loop om die probleem só te objektiveer dat hy/sy daarvan geïsoleer word.

### 6.2.7 Instrumente vir die diakoniologiese implementering van eksternalisering

#### 6.2.7.1 Metafore

Sekere aspekte dien as onderbou in die aanwending van 'n metafoor (vgl. Freeman & Combs 1988:177-178; Müller & Maritz 1998:66-67 en Bezuidenhout 2005:222-223).

Aan die hand van Louw (1999:339-340) se omskrywing van "metafoor" ten opsigte van die lidmaat se Godskonsepte kan die metafoor binne die konteks van eksternalisering as volg omskryf word: Dit is die simboliese spreke oor die probleem wat die gelykeniskarakter van die verstaan van die probleem omskryf en verduidelik. Louw omskryf verder die "metafoor" as die "uitdrukking van 'n nie-letterlike, figuratiewe wyse van spreke". Metafore wat gebruik word, spruit uit die ooreenkoms van die persoon se probleem met dié van die Skrif se gegewens. Die volgende voorbeelde kan genoem word: Die ryk dwaas, dienende Martha, ongelowige Thomas, verlore seun, Kain, die ryk jongman, en so meer.

Die verantwoordelike en Skrifgetroue pastor waak teen allegoriese en biblisistiese verklaring en toepassing van die modi en maak seker dat die gedeeltes wat aangewend word, eksegeties korrek toegepas sal word. Die pastor sou goedskiks vir homself 'n katalogus kon aanlê waarin hy van hierdie metafore kon opneem met moontlike probleme wat daardeur eksegeties gedek kan word. Vergelyk Schwartz en Kaplal

(2004) se kompilasie van Bybelse verhale met die oog op die gebruik in psigoterapie en berading. Veltkamp (1988:176-180) sien die gelykenis ook as 'n moontlike metafoor.

#### 6.2.7.2 Gelykenisse

Veltkamp (1988:173) se navorsing bring hom tot die gevolgtrekking dat 'n gelykenis

> ... gaat om de verbinding van het actuele verhaal van mense in hul concrete situatie met het Godsverhaal van alle tijden.

Die dinamiek van persoon, handelinge en gebeurtenisse in die verhaal voer die lidmaat mee in die eie wêreld van die verhaal. Die gelykenis betree die alledaagse werklikheid "om het leven van gewone mensen te delen, en heilzaam te veranderen" (Veltkamp 1988:175). 'n Gelykenis beweeg in die rigting van inkarnasie. Dit pen die hoorder nie vas binne in die gelykenis se werklikheid nie, "maar spreekt hem in sijn werklijkheid aan op zijn waarheid". Die gelykenis nooi die hoorder na binne om hom/haarself in die verhaal te verplaas en van binne-uit posisie in te neem (vgl. Estés 1998:20).

Die gebruik van die gelykenis binne bogenoemde raamwerk plaas die lidmaat — en nie net sy/haar probleem nie — binne die verhaal vanwaar die probleem onder meer besien kan word. Ook hier moet gelet word op die hermeneutiese beginsels by die uitleg van 'n gelykenis.

#### 6.2.7.3 Lewensverhale van Skriffigure

Hierdie modus hang nou saam met die voorafgaande modi en kyk na lewensverhale van Skriffigure, soos in die Skrif opgeteken en in wie se lewensverhale dieselfde probleme of omstandighede manifesteer. Dit kan selfstandig in werking gestel word of in samehang met die ander modi gebruik word.

Die voorafgaande eksternaliseringsmodi bring mee dat die proses vanselfsprekend op die Godsverhaal uitloop en daarom noodwendig die lidmaat se eie verhaal in kontak bring met God se wil soos in sy Woord uiteengesit.

### 6.2.8 Praktiese toepassing van eksternalisering

Die volgende riglyne gee 'n aanduiding van die toepassing van 'n gereformeerd-narratiewe eksternalisering:

- Uit die narratiewe gesprek word 'n aanduiding verkry van watter probleem na vore kom. Die pastor kies in samehang met die lidmaat uit die eksternaliseringsmodi een of meer wat 'n eksterne omskrywing van die lidmaat se verhaal is.
- Die pastor lei die lidmaat om hom/haar in die verhaal te laat verplaas (vgl. Stassen [2004:38-81] se studie in verband met die begeleiding deur middel van die Rutverhaal).
- Die pastor bespreek die eksterne verhaal (metafoor, gelykenis of lewensverhaal) met die lidmaat wat hom/haar in die verhaal inleef. In die bespreking en aan die hand van vrae, word op die volgende gelet: Hoe beïnvloed die probleem in die verhaal die persone in die verhaal? Hoe beïnvloed die persone (in die verhaal) se houding die probleem? Watter rol speel die persone (in die verhaal) in die probleem?
- Ná die evaluering van die eksterne verhaal in terme van die lidmaat se eie verhaal word navraag gedoen ten opsigte van die verantwoordelikheid teenoor die probleem en die toe-eiening daarvan deur die lidmaat.
- Hierop fasiliteer die pastor die lidmaat in die ontdekking van hoe God se verhaal inspeel op sy/haar eie verhaal. Dit lei tot die lidmaat se aanvaarding van God se oplossing vir die probleemdeurdrenkte verhaal vir sy/haar lewe (Verbondshernuwing) (vgl. White & Epston 1990:42-48; O'Hanlon 1994:25-26).
- Op hierdie punt van eksternalisering vind die rekonstruksie van die lidmaat se verhaal plaas deur die bepaling van die unieke uitkomste in die lig van die Skrif.

### 6.2.9 Unieke uitkomste soos beskryf in 'n postmoderne epistemologie

Morgan (2000:52) beskryf 'n unieke uitkoms as enige gebeurtenis "that are different or outside of the problem's influence." Dit is enigiets wat losstaan van die aanvanklike probleem en die probleem kan teenwerk. Dit mag die vorm aanneem van 'n plan, aksie, gevoel, verklaring,

begeerte, droom, gedagte, geloof, vermoë of verbintenis. Ná die vasstelling van hierdie unieke uitkoms baan dit die weg tot die ontdekking van 'n alternatiewe verhaal (vgl. White & Epston 1990:55). Daar kan verder onderskei word tussen historiese uitkomste waarin die persoon se invloed met betrekking tot die probleem besien word en teenswoordige unieke uitkomste wat in die loop van die terapeutiese proses na vore tree (White & Epston 1990:56, 59). Hiermee word verwysingspunte geïdentifiseer waartydens die huidige probleme reeds suksesvol hanteer is (Van Heerden & Kotzé 1997:91).

#### 6.2.9.1 Dekonstruksie van unieke uitkomste

Soos reeds in 6.1 hierbo blyk, impliseer hierdie soeke na 'n unieke uitkoms die volgende: die "humanistiese" (Van Heerden & Kotzé 1997:91) soeke na die eie hantering van probleme. Daar is dus geen maatstaf waaraan hierdie vroeëre hantering geverifieer kan word nie. Dit bring mee dat daar geen vastighede en sekerhede is waarin die persoon se optrede begrond kan word nie. Die pastor as die "not-knowing" en non-direktiewe ko-konstrukteur mag nie verwys na enige raamwerk buite die gesprek nie en val dus in by die persoon se identifisering van die unieke uitkoms.

Binne genoemde geïmpliseerde raamwerk is 'n gereformeerd-narratiewe benadering dus nie moontlik nie.

#### 6.2.9.2 Rekonstruksie met die oog op 'n gereformeerd-narratiewe pastorale terapie

In die rekonstruering van die unieke uitkomsproses staan die volgende uit:

- In diepe afhanklikheid en leiding van die Heilige Gees kyk die pastor en lidmaat "op na die berge" waarvandaan sy/haar hulp kom (Ps. 121:1).
- Dan word daar gekyk na God se verhaal (die Bybel) en hoe dit spesifiek inspeel op die lidmaat se probleemverhaal. Hierin fasiliteer die pastor die lidmaat.
- In die verdere soeke na 'n oplossing is die volgende relevant: Watter optrede van die lidmaat is nodig om die probleem reg te stel? Gaan dit alles om die eer van God en die bereiking van sy skeppingsdoel met die lidmaat?

- Vanuit hierdie begronding word 'n alternatiewe verhaal gerekonstrueer om tot verdere geloofsgroei te vorder.

## 7. GEVOLGTREKKING

Die elemente van die postmoderne narratiewe terapie (nl. hermeneutiek, narratief, dekonstruksie, eksternalisering, rekonstruksie en unieke uitkoms) se aard, wese en aanwending word bepaal deur hul begronding in die postmoderne epistemologie. Daarom is dit onmoontlik om hierdie elemente sonder meer in 'n diakoniologiese epistemologie aan te wend. Deur middel van die dekonstruksie van die postmoderne narratiewe pastorale terapie, in al sy elemente, is 'n gereformeerd-narratiewe pastorale terapie in hierdie artikel gerekonstrueer binne die raamwerk van die diakoniologiese epistemologie. Riglyne is aangestip in verband met die gerekonstrueerde inhoud daarvan.

# BIBLIOGRAFIE

ANDERSON, N. & GOOLISHIAN, H.

1988. Human systems as linguistic systems: preliminary and evolving ideas about the implications for clinical teory. *Family Process* 27(4):371-393.

1995. The client is the expert: a not-knowing approach to therapy. In: S. McNee & K.J. Gregen (eds.), *Therapy as social construction* (London: Sage), pp. 25-39.

BEZUIDENHOUT, J.P.

2005. Volwassewording as problematiek in pastorale konteks. Ongepubliseerde D.Th.-proefskrif, Bloemfontein: UV.

CRAFFORD, J.D. & KOTZÉ, D.J.

1997: 'n Narratiewe pastorale terapie met depressiewe persone. *Acta Theologica* 17(1):99-119.

DEGENAAR, J.

1996. The collapse of unity. In: C.W. du Toit (ed.), *New modes of thinking on the eve of a new century* (Pretoria: Unisa), pp. 5-27.

DE JAGER, J.J. & MÜLLER, J.C.

2002. Dekonstruksie van tradisionele probleem-realiteite: 'n narratief-pastorale perspektief. *Hervormde Teologiese Tydskrif* 58 (3):1221-1237.

DE KLERK, J.J.

1978. *Herderkunde*. Pretoria: NGKB.

DERRIDA, J.

1981. *Positions*. Chicago: University of Chicago.

DESCOMBES, V.

1985. The fabrick of subjectivity. In: H.J. Silverman & D. Ihde (eds.), *Gadamer and deconstruction* (New York: State University of New York), pp. 55-67.

DU PLOOY, C.W.

1995. Paradigmatic paints of departure for pastoral care. *Practical Theology in SA* 10(2):27-39.

DU TOIT, C.W.

1996a. The end of truth? In: C.W. Du Toit (ed.), *New modes of thinking on the eve of a new century* (Pretoria: Unisa), pp. 28-48.

EPSON, D., WHITE, M. & MURRY, K.

1995. A proposal for a re-authering therapy: Rose's revisioning of her life and a commentary. In: S. McNee & K.J. Gregen (eds.), *Therapy as social construction* (London: Sage), pp. 96-115.

ESTÉS, C.P.

1998. *Women who run with the wolves*. London: Rider.

FIRET, J.
1977. *Het agogisch moment in het pastorale optreden*. Kampen: Kok.

GADAMER, H-G.
1976. *Philosophical Hermeneutics*. Berkeley: University of Calafornia Press.

GERKIN, C.V.
1984. *The living human document: Pre-visioning pastoral counseling in a hermeneutical mode*. Nashville: Abington.

GREYLING, H. & MÜLLER, J.
2002: Sekerheid en onsekerheid binne die pastoraal-terapeutiese situasie. *Pastorale Teologie in SA* 17(1):28-42.

HOFFMAN, L.
1995. A refexive stance for family therapy. In: S. McNee & K.J. Gergen (eds.), *Therapy as social construction* (London: Sage), pp. 7-24.

JANSE VAN RENSBURG, J.
1999. Etiek en pastoraat in hermeneutiese konteks. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 39(2):158-167.
2000a. *The paradigm shift*. Pretoria: Van Schaik.
2000b. The subject of pastoral care: an epistemological discourse. *Acta Theologica Supplementum* 1:1-25.
2002. Die postmoderne mens aan wie die evangelie verkondig word. *Praktiese Teologie in SA* 17(2):39-60.

JORDAAN, W. & JORDAAN, J.
1998. *Die mens in konteks*. Sandton: Heineman Voortgesette Onderwys.

KLOPPERS, E.
2001. Praktiese Teologie as hermeneuties-kritiese teologie. *Scriptura* 78:457-466.

KOTZÉ, E. & KOTZÉ, D.J.
1997. Social construction as postmodern discourse: An epistemology for conversational therapeutic practice. *Acta Theologica* 17(1):27-50.

LOUW, D.J.
1983a. *Versoening in die huwelik*. Durban: Butterworth.
1993. Praktiese Teologie — 'n fenomenologiese stuiptrekking? *Praktiese Teologie in SA* 8(2):206-209.
1997. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting*. Kaapstad: Lux Verbi.
2003. The paradicmatic revolution in practical and pastoral theology: from metaphysics (sub-stantial thinking) to empirism (experential thinking); from theism to theopaschitism (hermeneutical thinking). *Praktiese Teologie in SA* 18(2):3-57.

LYON, D.
1994. *Postmodernity*. Buckingham: Open University Press.

MARGOLIS, J.
1985. Deconstuction; or the mistery of the mystery of the text. In: H.J. Silverman & D. Ihde (eds.), *Gadamer and deconstruction* (New York: State University of New York), pp.138-151.

MATZKEN, R.H.
2000. The paradox of postmodernism. Referaat gelewer tydens konferensie van "Worldview Lifestyle" te Yalta, Crimea.

MORGAN A
2000. *What is narritive therapy?* Adelaide: Dulwich Centre Publ.

MÜLLER, J.
2004. A narrative-based pastoral conversation following the experience of trauma. *Praktiese Teologie in SA* 19(1):77-88.

O'HANLON, B.
1994. The third wave. *Family Therapy Network* (Nov/Des):19-29.

OLIVIER, B.
1994. Nietzsche in die twintigste-eeuse denke. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* 30(2):56-71.

PALMER, R.E.
1969. *Hermeneutics*. Evanston, North Western University Press.

PHAROS
2005. *Afrikaans-Engels, Engels-Afrikaans Woordeboek*. Kaapstad: Pharos Woordeboeke.

POSTER, M.
1990. *The mode of information*. Cambridge: Polity Press.

REDELINGHUYS, H.
2001. Die waarde van terapeutiese paradoks binne 'n pastoraal-narratiewe benadering. *Praktiese Teologie in SA* 16(2):119-137.

ROBINSON, J.M. & COBB, J.B. (JNR.)
1964. *New frontiers in Theology*. New York: Harper & Row Publ.

ROUX, J.P. & KOTZÉ, D.J.
1997. Die koinonale konstruksie van 'n toerustingsprogram vir narratiewe pastorale sorg. *Acta Theologica* 17(1):51-80.

STASSEN, S.L.
2004. Die benutting van die Rutverhaal in die pastoraal-terapeutiese begeleiding van verdrukte en getraumatiseerde vroue. Ongepubliseerde M.Th.-skripsie, Bloemfontein: UV.

VANDENBULKE, J.
1973. *Hans-George Gadamer: een filosofie van interpreteren*. Brugge: Uitgeverij Orion.

VAN HEERDEN, P.R. & KOTZÉ, D.J.
1997. Die pastorale gesprek binne 'n narratiewe diakonale pastoraat. *Acta Theologica* 17(1):81-98.

VELTKAMP, H.J.
1988. *Pastoraat als gelijkenis*. Kampen: Kok.

WHITE, M. & EPSTON, D.
1990. *Narrative means to therapeutic ends*. New York: W.W. Norton & Co.

| *Trefwoorde* | *Keywords* |
| --- | --- |
| Dekonstruksie | Deconstruction |
| Gereformeerd-narratiewe pastorale terapie | Reformed-narrative pastoral therapy |
| Pastorale gespreksbenadering | Pastoral conversational approach |
| Postmoderne narratiewe pastorale terapie | Postmodern narrative pastoral therapy |